



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 JANUARIE 2021 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

Matthyse, S E (EFF)

McQuire, V D (DA)

O'Kennedy, E C (DA)

Papers, C H (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh B J Stanley en rdl Z Bekebu.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 TOEKENNING VAN RAADSHEERSKAP

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat rdle M A Rangasamy en O M Stemele ingevolge die toepaslike beleid van die Raad kwalifiseer vir raadsheerskap.

3.1/...

Die beleid het ten doel om erkenning te gee aan raadslede se uitsonderlike prestasies of die lewering van uitsonderlik verdienstelike diens in belang van die Munisipaliteit.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die betrokke raadslede vir hul bydrae om gestalte te gee aan die visie van Swartland Munisipaliteit, naamlik:

“Ons gee gestalte aan ‘n beter toekoms!”

KENNIS GENEEM dat Raadsheerskap toegeken word aan rdh M A Rangasamy en rdh O M Stemele.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 29 OKTOBER 2020

BESLUIT

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Oktober 2020 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 14 OKTOBER 2020 saamgelees met **NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN PORTEFEULJESKOMITEES GEHOU OP 7 OKTOBER 2020**

5.2 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 23 NOVEMBER 2020

5.3 NOTULE VAN ‘N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 9 DESEMBER 2020

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 3 NOVEMBER 2020

6.2 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 3 DESEMBER 2020

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8./...

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 (1) BEDANKING AS RAADSLID: MNR L E MFUTWANA; (2) AANWYS VAN NUWE RAADSLID: ME M S MATTHYSE (17/17/3/2/4; 3/1/7)

'n Skrywe is ontvang vanaf rdl L E Mfutwana gedateer 3 November 2020 waarin hy sy bedanking as raadslid van die Swartland Munisipale Raad bevestig.

Die vakature is aan die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) gerapporteer, waarna rdl S E Matthyse op 19 November 2020 deur die OVK as raadslid van die Swartland Munisipale Raad in die plek van mnr L E Mfutwana aangewys is.

Die Speaker versoek rdl Matthyse om die eed af te lê.

BESLUIT

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl D B Philander)

- (a) Dat die Raad kennis neem van –
 - (i) die bedanking van raadslid L E Mfutwana met ingang van 4 November 2020;
 - (ii) die wetlike prosedures waaraan voldoen is met die vulling van die proporsionele setel van die EFF in die Raad wat vakant gelaat is met die bedanking van rdl Mfutwana;
 - (iii) die verkiesing van raadslid S E Matthyse soos bevestig deur die OVK op 19 November 2020;
- (b) Dat geleentheid gegee word aan rdl S E Matthyse om die eed af te lê;
- (c) Dat rdl S E Matthyse aangewys word op die volgende komitees van die Raad as verteenwoordiger van die EFF –
 - (i) Portefeulekomitee: Munisipale Bestuur, Administrasie en Finansies
 - (ii) Portefeulekomitee: Siviele en Elektriese Dienste
 - (iii) Portefeulekomitee: Ontwikkelingsdienste
 - (iv) Portefeulekomitee: Beskermingsdienste
 - (v) Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC)
 - (vi) Reëlskomitee
 - (vii) Swartland Verkeer- en Wetstoepassingsdiens: Toesighoudingskomitee
 - (viii) Appélkomitee (ingevolge artikel 62 van MSA).

8.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER TOT DESEMBER 2020 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die MFMA.

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 2 soos op 31 Desember 2020 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2020 tot 31 Desember 2020.

8.3 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (7/1/2/2-2; 2/4/2)

Artikel 72(1) van die MFMA bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester moet vervolgens ingevolge Artikel 54(f) van die MFMA jaarliks teen 31 Januarie die evalueringsverslag aan die munisipale raad voorlê.

Die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasieverlag is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009).

BESLUIT

(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2020/2021 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

[Rdl A M Sneewe verlaat die vergadering met goedkeuring van die Speaker.]

8.4 GOEDKEURING VAN DIE 2020/2021 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die 2020/2021 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Januarie 2021 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys item 8.3.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van drie raadslede) beslis met 16 stemme ten gunste daarvan, en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van raadsheer T van Essen, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- Dat die Begrotingsbeheer Komitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;
- Dat die Raad kennis neem van die wysigings wat verband hou met artikel 19 met betrekking tot die Watersuiweringswerke: Moorreesburg en Darling (**Aanhangsel A-2: 2020/21 – 2022/23 Capital Projects it. Sec 19**);
- Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2020/2021 as volg te wysig;

	Oorspronklike Begroting 2020/21	Oorrol Aansuiwerings begroting 2020/21	Mid-Year Adj Budget 2020/21	Increase / Decrease	Oorspronklike Begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23
Kapitaalbegroting	212 435 837	213 132 732	210 663 962	(2 468 770)	137 639 479	137 710 243
Bedryfsuitgawes	810 670 080	811 033 080	812 208 752	1 175 672	889 949 652	924 976 102
Bedryfsinkomste	882 786 413	890 266 902	892 883 145	2 616 243	928 907 555	998 866 120
Begrote (Surplus)/ Tekort	(72 116 333)	(79 233 822)	(80 674 394)	(1 440 571)	(38 957 903)	(73 890 018)
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	86 863 600	81 163 089	79 226 340	(1 936 749)	28 897 050	66 713 153
(Surplus)/ Tekort	14 747 267	1 929 267	(1 448 054)	(3 377 320)	(10 060 853)	(7 176 865)

8.4/...

- (d) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n afname in die begrote tekort van R 1 929 267 na 'n begrote surplus van R 1 448 054;
- (e) Dat die Raad goedkeuring verleen om voort te gaan met die verskaffing van die eerste 2 kl waterverbruik gratis aan alle residensiële verbruikers (wat volgens die definisie Deernishuishoudings insluit) vir die oorblywende ses maande van die 2020/2021 boekjaar. Die uitgawe word gefinansier deur die Equitable Share addisionele toekenning geormerk vir Covid-verwante uitgawes. Die voormelde is 'n tussentydse maatreël in 'n poging om verligting te bring aan verbruikers wat hard getref is. Dat verder kennis geneem word in 'n poging om regverdig en billik te wees en dat nie alle verbruikers sukkel nie, daardie verbruikers wat wel in staat is om hulle rekening te betaal, maar dit nie doen nie, onderworpe sal wees aan die implementering van die Raad se kredietbeheermaatreëls namate die verbruikers se agterstallige skulde toeneem;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Aanhangsel C: Budget Report and B-Schedules 2020/21–2022/23)** sowel as die regstellings aan die 2020/2021 begrotingskedules wat tydens die verifikasieproses geïdentifiseer is;
- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

8.5 TOEKOMSTIGE GEBRUIK VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE 35 VAN PLAAS 560 YZERFONTEIN GELEë TE YZERFONTEIN HAWE (12/2/B)

Gedeelte 35 van Plaas 560 Yzerfontein (groot 1001 m²), geleë in die Yzerfontein Hawe is die eiendom van Swartland Munisipaliteit. Die Raad het op 31 Oktober 2020 in-beginsel goedkeuring verleen dat ontwikkelingsvoorstelle (gebaseer op parameters van Besigheidsone 1 en die bevordering van toerisme en plaaslike ekonomiese ontwikkeling) per openbare tender uitgenooi word vir die huur van die eiendom oor 'n termyn van tien jaar.

Die voorneme van die Raad is openbaar gemaak en 'n groot aantal besware is ontvang waarop verdere regsadvies bekom is.

BESLUIT

Dat, gebaseer op die groot aantal besware sowel as die regsadvies wat ontvang is, goedkeuring verleen word dat 'n sg. SEA (*Strategic Environmental Assessment*) onderneem word ten opsigte van Gedeelte 35 van Plaas 560 Yzerfontein, ten einde die mees volhoubare gebruik/e vir die eiendom te bepaal teen die agtergrond van die groter hawe-omgewing, alvorens 'n finale besluit geneem word rakende die vervreemding, d.i. hetsy die verhuring of verkoop van die tersaaklike eiendom, of die alternatiewe aanwending daarvan.